higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 2

XX FEBRUARIE 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 A
1.3 A
1.4 D
1.5 D
1.6 D
1.7 D
1.8 D
1.9 D
1.10 D

(10 × 1) (10)

VRAAG 2

2.1 Misdaadvoorkoming en -vermindering
2.2 Gedragsversteuring
2.3 Handves van Regte
2.4 Kriminoloë
2.5 Sosiale wetenskappe

(5 × 1) (5)

VRAAG 3

3.1 E
3.2 D
3.3 C
3.4 B
3.5 A

(5 × 1) (5)

VRAAG 4

4.1 Onwaar
4.2 Waar
4.3 Waar
4.4 Waar
4.5 Onwaar
4.6 Waar
4.7 Waar
4.8 Waar
4.9 Waar
4.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Kriminologie is 'n sosiale wetenskap wat bestaan uit sistematiese en georganiseerde kennis oor misdaad en misdadige gedrag. Sosiale wetenskaplikes ontwikkel die terrein van kriminologie deur middel van noukeurige studies wat van wetenskaplike metodologieë gebruik maak.

Kriminologie het 'n belangrike studiegebied geword as gevolg van die konstante bedreiging en uitwerking van misdaad op die samelewing. Oor die jare het verskeie ander studieterreine, soos sosiologie, sielkunde, biologie, politieke wetenskap, ekonomie en die regte, kriminologie beïnvloed. Al die inligting wat uit hierdie studieterreine verwerf is, het bygedra tot kriminologie as die studieterrein wat ons vandag ken.✓

Verskeie opvoedkundige instellings bied kriminologie as 'n studieterrein aan. Hierdie gespesialiseerde terrein bied 'n menigte loopbaanmoontlikhede, soos maatskaplike werk, berading en ekonomie.✓

'n Kriminoloog is 'n persoon wat in die studie van kriminologie spesialiseer. Dit is die rol en funksie van 'n kriminoloog om misdaad en misdadige gedrag te bestudeer, asook om die uitwerking van misdaad op misdaadslagoffers, gemeenskappe en die staat oor die algemeen te bestudeer.✓ (6)

5.2 Aantekening aan die nasiener: Ken een punt toe vir enige ses van die volgende:

- Die kantoor van die Openbare Beskermer;
- Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;
- Die Kommissie vir Geslagsgelykheid;
- Die Onafhanklike Klagtedirektoraat;
- Metropolisiekantore;
- Die Raad op Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika; en
- 'n Prokureur van hul eie keuse, en op hul eie koste. (Enige 6 × 1) (6)

5.3 Aantekening aan die nasiener: Ken een punt toe vir enige drie van die volgende:

- Om nie sonder goeie rede van jou vryheid ontneem te word nie;
- Om nie sonder verhoor aangehou te word nie;
- Om vry te wees van alle vorme van geweld van openbare of private bronne;
- Om nie op enige wyse gemartel te word nie; en
- Om nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende manier behandel te word nie. (Enige 3 × 1) (3)

5.4 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

In 1996 is die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie (NMVS) gevestig as 'n langtermyntaktiek om die kernoorsake van misdaad te hanteer deur middel van vennootskappe tussen staatstrukture en gemeenskapgebaseerde hulpbronne. Staatsinstellings wat deel van hierdie inisiatief uitgemaak het, was die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die Departement van Justisie (DvJ). Die Departement van Sosiale Ontwikkeling (Sosiale Ontwikkeling), Departement van Onderwys en die Departement van Korrektiewe Dienste (DKD). Die NMVS het 'n vierpilaarbenadering gevolg wat areas geïdentifiseer het waar misdaadvoorkoming behoort plaas te vind.✓

Dit is duidelik uit die model dat dit noodsaaklik is om 'n multidimensionele benadering te volg, waarin alle staatsorganisasies en -departemente kan saamwerk sodat misdaadvoorkoming-inisiatiewe suksesvol kan wees.✓ (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 In Maart,✓ en dit is anoniem onder iemand se aandag gebring.✓ (2)

6.2 Die ma van die kind✓ en haar kêrel.✓ Dit is aangemeld deur Alvin Brijlal.✓ (3)

6.3 4 jaar oud (1)

6.4 Die sielkundige se verslag was nog uitstaande. (1)

6.5 Poging tot moord✓ en kindermishaneling✓ (2)

6.6
- Informante wat inligting aan die polisie verskaf.
- Onskuldige omstanders wat toesien hoe 'n misdaad gepleeg word.
- Die slagoffer.
- Getuies wat self by die misdadige aktiwiteite betrokke was. (4)

6.7 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Hoewel metingstegnieke van misdadige viktimisasie 'n aantal voordele bied, kom die volgende nadele voor:

- Die opnames teken nie data oor slagofferlose misdade aan nie. Dit is misdade waarin daar nie 'n spesifieke slagoffer of oortreder is nie, omdat die oortreder en slagoffer gewoonlik dieselfde persoon is, of omdat die oortreder se handeling nie noodwendig enigiemand benadeel nie. Die handeling word steeds as 'n misdaad beskou, as gevolg van die potensiële skade wat dit kan veroorsaak. Voorbeelde sluit spoedoortredings of verkeersoortredings en dwelmverwante misdade in.✓
- Slagofferopnames kan nie inligting oor 'n misdaad opteken as die slagoffer nie erken dat hy of sy 'n slagoffer van 'n misdaad was nie, soos in sommige gevalle van huishoudelike geweld. Boonop kan inligting nie opgeteken word as die slagoffer nie bereid is om met die navorser oor die misdaad te praat nie.✓
- Slagoffers maak nie noodwendig melding van misdade wat hulle as onbelangrik beskou nie, soos geringe diefstal, geringe vandalisme en selfs minder ernstige aanrandings.✓
- Viktimisasiestudies samel selde inligting in oor misdade teenoor kinders omdat onderhoudvoering die toestemming van 'n ouer of voog vereis. Dit vereis ook spesifiek opgeleide navorsers wat gekwalifiseerd is om met kinders oor traumatiese misdade te praat.✓
- Slagoffers is nie altyd in staat om besonderhede van hul viktimisasie te onthou of daaroor te praat nie.✓ (5)

6.8 Aantekening aan die nasiener: ken een punt toe vir die naam van die stadium en een punt vir die verduideliking.



(12)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 7

7.1 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Nog 'n probleem rakende misdaadstatistiek staan bekend as onder-rekordering van misdaadinligting. Dit is die verantwoordelikheid van polisie-beamptes by polisiekantore oor die hele Suid-Afrika om inligting oor aangemelde misdade op te teken. Hierdie inligting word daarna aan provinsiale en nasionale kantore gestuur vir ontleding. In sommige gevalle het klein polisiekantore nie rekenaars nie, en word misdaadrekordering dus per hand gedoen. Ander probleme wat met die optekening van misdade ervaar word, sluit in:

- Die optekeningstelsel is moeilik, en polisiebeamptes word nie behoorlik opgelei om dit te gebruik nie, wat teenstrydige en onvolledige data tot gevolg het;
- Daar is vertragings om inligting van ongerekenariseerde kantore te ontvang; en
- Die hoë omset in bedrewe personeel weens bedankings veroorsaak inkonsekwentheid wat die vaslegging van inligting betref.✓

Probleme rakende onderrapportering en onderrekordering van misdaad in Suid-Afrika moet gehanteer word om te verseker dat misdaadstatistiek akkuraat is.✓

Ons kan mense se lewens en die gehalte van hul lewens verbind met hul sosio-ekonomiese situasie (armoede, werkloosheid en beperkte opvoeding). Mense wat in informele nedersettings woon, se lewenstandaard en lewensgehalte is laer as dié van mense wat in ontwikkelde stedelike gebiede woon.✓

Ons het reeds die invloed bespreek wat 'n persoon se sosio-ekonomiese situasie op sy of haar lewe kon gehad het, en die risiko wat sodanige mense loop om deel van 'n armoedekultuur te word.✓

Een van die eienskappe van mense wat in 'n armoedekultuur vasgekeer is, is dat hulle hulself dikwels as slagoffers beskou, en nie voel asof hulle deel van die samelewing is nie. Boonop is hulle geneig om nie maatskaplike instellings, soos die staat, die polisie en gesondheidsorgorganisasies, te vertrou nie. Die gevolg is dat hierdie mense huiwerig en bang sal wees om 'n misdaad aan te meld.✓

Mense wat in landelike, onontwikkelde gebiede woon, is dikwels onopgevoed en oningelig oor hul regte en die prosedure wat hulle moet volg as hulle 'n misdaad wil aanmeld. Hierdie mense kan ook probleme ervaar om polisiekantore te bereik om 'n misdaad aan te meld. Hul stryd om te oorleef het tot gevolg dat die aanmelding van misdaad nie so 'n groot prioriteit is nie.✓ (10)

7.2 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Aggressie is 'n handeling of dreigement wat ontwerp is om besering en/of vrees te veroorsaak. Aggressiewe misdade, soos moord en aanranding, veroorsaak regstreekse fisieke skade aan die slagoffer, terwyl dreigemente van aggressie vrees veroorsaak, wat inderwaarheid die slagoffer dwing om te doen wat die oortreder wil hê (bv roof, seksuele mishandeling en verkragting). Aggressie veroorsaak ook impulsiewe en onopsetlike misdade, soos misdaad weens padwoede. Soms reageer gemeenskappe op misdaad deur sake in hul eie hande te neem (vigilantisme), wat wreedaardige aanvalle deur skares op vermeende oortreders tot gevolg het.✓

Kinders wat grootword in 'n omgewing (gemeenskappe en gesinne) waar konflik en aggressie daagliks plaasvind, leer vinnig dat aggressie lonend is, omdat jy kan kry wat jy wil hê deur middel van aggressiewe gedrag. Vir hierdie kinders word aggressie 'n hanterings- en probleemoplossings-meganisme. Suid-Afrika se gewelddadige geskiedenis het ook baie kinders geleer dat aggressie probleme oplos. Dit kan gesien word in die gewelddadige betogings en stakings in die land.✓ (5)

7.3 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Freud was 'n voorstander van sielkundige positivisme. Hy het geglo dat misdadige gedrag die gevolg van óf geestesongesteldheid óf 'n swak gewete is. Ander sielkundige positiviste, soos John Bowlby, het aangevoer dat moederlike verwaarlosing tot jeugmisdaad of misdadige gedrag kan lei, maar hierdie idee is later laat vaar ten gunste van 'n teorie van algemene verwaarlosing, eerder as bloot moederlike verwaarlosing, as oorsaak van misdadige gedrag. Byvoorbeeld, daar word geglo dat gebroke huise geneig is om kinders voort te bring wat meer waarskynlik misdade sal pleeg. Nog 'n sielkundige positivis, Hans Eysenck, het aangevoer dat sekere persoonlikheidstipes meer vatbaar vir antisosiale of misdadige gedrag is as gevolg van die manier waarop hulle met omgewingsfaktore in interaksie tree.✓ (5)

OF

VRAAG 8

8.1 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

In Suid-Afrika word die stryd teen misdaad beskou as 'n baie ernstige saak. Dit het die vestiging van baie formele en informele programme tot gevolg wat op misdaadvoorkoming en -vermindering gerig is. Hierdie programme vind op drie vlakke plaas, naamlik primêr, sekondêr en tersiêr. Die volgende tabel beskryf die eienskappe van elke vlak.

Vlak	Fokus	Voorbeeld
Primêre misdaadvoorkoming	Omgewingsfaktore wat misdaad kan veroorsaak	• Die verbetering van die sosio-ekonomiese situasie van mense en om hulle te bemagtig, sodat hulle in staat is om 'n beter lewe te lei (byvoorbeeld onderwys- en ontwikkelingsprogramme).✓ • Om ondersoek in te stel na omgewingsontwerp in gemeenskappe om gebiede te identifiseer wat misdaad bevorder (soos strate sonder ligte, beboste parke), en om hierdie probleme te hanteer.✓
Sekondêre misdaadvoorkoming	Om mense te bemagtig wat die risiko loop om ootreders of slagoffers van misdaad te word	• Ontwikkelings- en opvoedkundige programme (skole, gemeenskappe) om positiewe waardes te ontwikkel en mense oor hul fundamentele menseregte in te lig.✓ • Gemeenskapgebaseerde vonnisse, soos gemeenskapskorreksies en afwending, om oortreders te help om wetsgehoorsame burgers te word.✓
Tersiêre misdaadvoorkoming	Rehabilitering van oortreders met die doel om heroortreding te voorkom	• Programme wat fokus op vaardigheidsontwikkeling en rehabilitasie.✓ • Effektiewe herintegrasie van oortreders in hul gesinne en gemeenskappe van oorsprong ná gevangenis-straf.✓

(10)

8.2 Aantekening aan die nasiener: Die volgende moet as 'n gids gebruik word wanneer punte toegeken word:

Vanaf 'n jong ouderdom leer mense wat destruktiewe lewenspatrone volg om 'n negatiewe ingesteldheid jeens die lewe te hê. Hierdie gedrag dien as 'n muur om hulle, wat lei tot 'n straatslim, oorlewingsgesentreerde lewenstyl, wat gekenmerk word deur emosies van woede, wantroue, isolasie en wanhoop. Weens hierdie emosies vind hulle dit moeilik om vriende te maak of in 'n verhouding te bly. Boonop is hulle dikwels nie in staat om 'n werk te behou nie, omdat hulle dit moeilik vind om reëls na te volg. Omdat hulle moeilik reëls nakom, is dit ook moeilik om oor die algemeen by die samelewing in te pas.✓

'n Pro-misdadige lewenstyl het ook 'n uitwerking op 'n persoon se sosio-ekonomiese situasie. Omdat hulle dit moeilik vind om werk te behou, en dus nie 'n gereelde salaris ontvang nie, kan hulle finansiële probleme ervaar. Misdaad word dan 'n aantreklike opsie, en blyk dikwels 'n maklike uitweg uit finansiële probleme te wees.✓

Veroorsaak dwelmmisbruik dus misdaad, of veroorsaak misdaad dwelmmisbruik? Tans in Suid-Afrika word die meerderheid dwelmmiddels as onwettig beskou. Om 'n dwelmgewoonte te finansier kan ook lei tot sekondêre misdade, soos diefstal of handeldryf in dwelms.✓ (5)

8.3 Aantekening aan die nasiener: Ken een punt toe vir enige vyf van die volgende:

Hier is enkele van die maniere waarop die kriminoloog aktief en prakties sy of haar etiese verantwoordelikhede kan nakom.

- Wanneer kriminoloë hul werk aanbied, moet hulle volledig en akkuraat oor die navorsingsbevindings verslag doen, en sodoende tot die kriminologie se kenniskorpus bydra. Binne die strafregsplegingstelsel kan hierdie kennis waardevolle bydraes lewer met betrekking tot wetgewing en beleidsontwikkeling.
- Die kriminoloog het verder die verantwoordelikheid binne die strafregsplegingstelsel om sy of haar professionele kennis en vaardighede op wetenskaplike wyse tot die voordeel van elke kliënt aan te wend.
- Hulle behoort professioneel op te tree wanneer hulle inligting by kliënte insamel, en hul bevindings eerlik, akkuraat en regverdig in hofverslae aanbied.
- Hulle moet altyd die feit erken dat hul aanbevelings 'n negatiewe of positiewe uitwerking op hul kliënte se lewens, asook die lewens van die samelewing oor die algemeen, kan uitoefen.
- Kriminoloë wat in gevangenisse werk, behoort hul kliënte se kriminogeniese behoeftes en risiko's tot die beste van hul vermoë te assesseer ten einde effektiewe aanbevelings oor behandeling te maak.
- Hulle behoort kliënte gereeld te herassesseer om hul vordering te monitor en verdere behandelingsaanbevelings te maak.
- Dit is ook belangrik dat kriminoloë 'n oortreder se risiko van herhalende oortreding assesseer, ten einde aanbevelings oor vroeë vrylating te kan maak. Dit sal op sy beurt verseker dat die regte van alle Suid-Afrikaners beskerm word. (Enige 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou